Pretoria- 24 April 2011

Skriflesing: Romeine 5:12-21
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1 paragraaf 1 en 2**
Teks: 1 Johannes 4:9-10
Sing- Ps.2:1,6; Ps 118:4; Ps 33:6

Wanneer ons met 'n belydenis soos die Dordtse Leerreëls besig is, broeder en suster dan het ons soos met al ons belydenisskrifte met iets vanuit die geskiedenis te make. Dadelik besef ons maar die geskiedenis dien nog 'n dieper en groter doel. 'n Groot deel van hierdie preek gaan ook oor die geskiedenis van die Dordtse Leerreëls. Kerkgeskiedenis soos waaruit die Dordtse Leerreëls kom het alles te make moet hoe die ware kerk voortdurend deur Satan aangeval word, want die duiwel wil in geen opsig toelaat dat God sy kerk só vergader en beskerm en bewaar as wat die Here se beloftes dit vir ons duidelik maak nie.

Wanneer 'n mens se are raak gesny word dan kom daar bloed uit en ons weet in die menslike liggaam is daar ook die are wat slagare genoem word. Wanneer 'n slagaar stukkend raak dan vloei die bloed so vinnig uit dat so 'n liggaam baie vinnig hom kan doodbloei. Die sake waaroor die Dordtse Leerreëls handel kan ons maar van die begin af weet het ook te doen met die slagare van God se Woord. Hierdie slagare of die hartare van die Evangelie is waarna die duiwel altyd eerste sy mes sal uitsteek om hierdie are stukkend te maak dan bloei die ware geloof sommer gou dood. Die doodbloei van die ware geloof hou altyd in die doodbloei van die ware kerk.

***

Daarom geliefdes, hierdie paar reëls wat ons vandag uit die Dordtse Leerreëls gelees het, is 'n deel van ons belydenis waar dit ook gaan om lewe en dood. Wie nie vashou aan wat hier staan nie, sal in sy geloof nie kan bly lewe nie. Ons weet die Kategismus se eerste vraag is 'n vraag ná lewe en dood? *Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?* So is die Dordtse Leerreëls in sy eerste reëls gebind aan lewe en dood. As ons nie glo wat hier staan nie, kan ons waarlik nie bly lewe nie!

***

Tog het baie mense baie moeite met wat hier staan. Ons lewe in 'n tyd waar die moeite eintlik al hoe meer word, want dit is eenvoudig teen die tydsgees dat mense moet hoor dat jy nie eintlik 'n vrye keuse het nie. Die gees van ons tyd werk met vrye keuses en vrye assosiasies. Selfs is daar die akte van menseregte wat die grondwet van hierdie land wil waarborg dat ek nie teen ander mense mag diskrimineer op grond van hulle keuses nie. Ek mag nie diskrimineer teen ander godsdienste nie, ek mag nie diskrimineer teen 'n man of vrou waar so 'n vrou 'n ander vrou of 'n man 'n ander man tot lewensmaat gekies het nie. Veral die

reg van die individu, jy as mens met jou eie regte moet in alle opsigte beskerm word. Die reg op lewe, op liefde, op jou eie wil word aan die mens toegeskryf asof dit maar uit die mens voortkom en hierdie reg mag niemand in watter verband ook al jou bedreig of jou daarvan ontneem nie. Dit slaan maar alles terug waar daar gesê word alle mense is gelyk. Ons vryheid, ons gelykheid, ons broederskap, die taal van die Franse Rewolusie is die taal wat in die hoogste raadkamers wêreldwyd tot vandag toe hoog sal opklink, want word daar ook geglo as daar nie werklik met hierdie standpunt van die Franse Rewolusie saamgegaan word nie, dan kan 'n ware demokrasie nie bestaan nie.

***

Nou kan ons maar dit gou vir mekaar sê die Dordtse Leerreëls staan vreemd teenoor die gedagtes van die Franse Rewolusie. Die Dordtse Leerreëls ken nie so iets dat alle mense maar gelyk is nie. Die Dordtse Leerreëls se uitgangspunt is beslis nie jou regte en dan in besonder jou reg as individu nie. Die Dordtse Leerreëls sal beslis nie wil saamstaan met die gedagte van vrye keuse en vrye assosiasie nie. Nog minder sal die Dordtse Leerreëls gelees kan word met die gedagte dat jy as mens soveel regte besit en dat jou regte so uitgeleef en beskerm moet word dat almal met mekaar se regte moet reken, voordat daar met enigiets anders rekening gehou mag word. Née, broeder en suster, ons sal in hierdie belydenis dikwels die teendeel aantref. Jy het geen reg om mens te wees nie, dit is hoe erg ons die uitgangspunt van die Dordtse Leerreëls onsself moet aantrek. Hier in hierdie belydenis sal ons telkens besef hoe ingrypend die reg van God ná ons toe kom.

***

En hierdie feit dat ek nie eers reg het om mens te wees nie, tog is ek mens, tog is ek selfs vrye mens, tog is ek kind van God, tog mag ek Christus myself toeëien, broeder en suster, dit is dinge wat ons mag weet, maar die begin van die Dordtse Leerreëls moet ook ons begin wees. **Alle mense het in Adam gesondig.** Hier is niemand uitgesluit nie, hierdie alle mense- ons almal soos ons ook vanoggend hier saam is- **ons het ons aan die vloek van die ewige dood skuldig gemaak.** En nou hoor ons hoe die reg van God in alle opsigte die ware reg moet wees. **God sou niemand verontreg het as dit sy wil was om die hele mensdom in die sonde en die vervloeking te laat bly nie...** God sou nog verder kon gaan- ons belydenis stel dit duidelik- **God sou alle mense-** weereens niemand is uitgesluit nie- **vanweë die sonde en vervloeking kon veroordeel.** U verstaan waarom ek wil aflei dat selfs net om mens te wees geen reg is nie. Daar is geen wyse waarop ek ook kon verdien dat God na my moet kyk en dat God aan my enige genade moet verleen.

Maar hier kom nou die probleme, broeder en suster en soos ons reeds agtergekom het dat hedendaagse mense wat met hulle hele lewe in die akte van menseregte veranker is, nie hierdie belydenis voluit sal kan aanvaar nie, net soveel was daar dwarsdeur die geskiedenis werklik groot probleme en stryd met wat in die Dordtse Leerreëls op die einde uitgekristalliseer het. Mense wat nie kan aanvaar dit wat ons hier bely nie!

***

Ons moet maar ook die name vanuit die geskiedenis weer hoor- 'n groot deel van hierdie eerste preek gaan juis om te wys hoe hewig die stryd hier rondom was! In die 5de eeu was daar die man met die naam Morgan Pelagius, 'n Ierse monnik. Hy is een wat nie geglo het dat daar erfsonde bestaan nie. Gelyk het hy geglo die mens het waarlik 'n volkome vrye wil en dat ek uit myself reg sal kan kies. Ek het as mens die vermoë om van die sonde af te sien en vir God te kies!

Teenoor Pelagius het daar gekom die man uit die noorde van Afrika wat 'n toring van krag vir die waarheid was. Aurelius Augustinus met sy aanvanklik wêreldse lewe het teenoor Pelagius kom staan en onder die invloed van Augustinus het die sinode van Kartago in 416nC die Pelagianisme veroordeel. Op hierdie sinode is daar besluit dat die mens is dood, dood in die erfsonde. God se genade kan op geen manier van ons wilskeuses afhanklik wees nie. Hoe mooi het die sinode by Augustinus wou aansluit en is die Bybelse leer van God se vrye genade uitgedra. God skenk uit genade alleen, uit Sy vrye guns alleen die nuwe lewe aan mense wat dit op geen manier kon verdien het nie.

Die sondige mens het egter nie berus nie. Daarna toe kom daar hulle na vore wat geglo het dat die mens het darem op 'n manier 'n invloed van wat van jou sal word. Hulle glo nie dat die mens heeltemal tot niks goed in staat is nie, dood is, soos Augustinus ons wou leer nie. Hierdie volgende groepering wou glo dat daar bestaan wel so iets dat die mens nie sy eie saligheid kan uitwerk nie, alhoewel jy daarvoor kan kies. Hulle het bekend geraak as die semi- Pelagianisme. Die mens is wel siek in sy keuses, maar hy is nie dood in sy keuses nie. Die mens en God moet net kan saamwerk. Ek moet vir God kan help om my saligheid te verkry. As ek vir God kies dan sal my vrye wil, kan maak dat die Here se genade in my lewe die regte uitwerking sal hê! So is die mens 'n medewerker van God. Hulle glo dat daar wel iets soos erfsonde bestaan, maar die erfsonde maak ons nie dood nie, dit het ons slegs

verswak en daarom het ons God se hulp nodig waarmee die mens uiteindelik sy keuse kan maak. Hierdie semi-Pelagiane sal wel van God se genade wil praat, maar na alles is jou en my verantwoordelikheid werklik van soveel belang dat ons nie net op God se genade kan reken nie! Dit kom vir my eintlik maar daarop neer, as jy jou kant bring dan sal die genadige God sy kant bring, want jy kan!

***

Die gedagte van ek kan nie, ek kan uit myself niks goed doen nie, dit aanvaar hulle nie. En so was hierdie Pelagiaanse en meer nog die semi-Pelagiaanse rigting dit wat aan die Rooms-Katolieke kerk hulle eintlike teologie geword het. God se genade wat by jou deur die sakramente ingestort word dan kan jy jou saligheid verkry. Die sakramente is die medisyne vir jou dat jou wil wat siek is gesond kan word. In die Roomse leer het die sakramente self, in hulleself geweldige krag, want die doop self, daardie water glo hulle het die vermoë om jou salig te maak, dit is letterlik die brood en die wyn self wat jou lewe moet red. Die brood wat hulle letterlik glo die liggaam van Christus is en die wyn is sy bloed.

Dit is eintlik nie moeilik om raak te sien hoe die Pelagiaanse leer, veral in sy semi-Pelagiaanse vorm die Roomse kerk al dieper infiltreer het nie, want op die einde is dit tog maar jy, jy wat moet toelaat dat die sakramente so na jou toe gebring moet word en so moet jy bepaal of die sakramente die uitwerking op jou moet hê dat jy en jou wil wat siek is deur die sakramente genees kan word. Hierdie oorweldige verwagting rondom hoe sakramente 'n mens se lewe kan verander en verbeter het in die Middeleeue so aangegroei dat die Roomse kerk op die einde nie by minder as 7 sakramente uitgekom het nie. Van jou geboorte tot jou graf is daar 'n sakrament. As jy nie gedoop is nie, is jy verlore, dan is daar ook die vormsel, dan hulle Nagmaal- dié mis, dan kom daar by die bieg, die salwing vir siekes en sterwendes, die huwelik, die priesterwyding, almal sakramente!

So moet jy jou saligheid kan verdien, want moet jy ook weet dat as jy nie self instaan nie, as jy nie vir jouself kan betaal nie, dan kan afgestorwe heiliges darem nog vir jou intree maar hulle kan alleen vir jou betaal deur aflaatbriewe wat deur die pous uitgereik is, maar dit sal jou kos! 'n Mens wonder of Morgan Pelagius ooit werklik die konsekwensies van sy valse leer sou kon deursien- ek glo nie!

***

Toe het die reformasie gekom. Hoe dankbaar moet ons nog altyd teenoor die Here wees dat daar mense soos Martin Luther, Johannes Calvyn, Huldrich Zwingli, John Knox deur die Here na hierdie wêreld gekom het. Nog voor die groot reformasie het die Here alreeds enkele fakkels aangesteek om in die stikdonker Middeleeue, in die nag van Rooms-Katolieke en semi –Pelagiaanse duisternis hulle fakkels die duisternis van dwaalleer in te dra. Die Waldense, John Wicliff, Johannes Hus, Wessel Gansfort, Savonarola, die "Broeders des gemenen levens was fakkels wat aan die einde van die 15de eeu, flou begin brand het, daar was in hulle al die aanduiding dat die Here Self gaan ingryp in die nood van sy kerk.

***

Maar al het die reformasie plaasgevind, en die reformatore het met die semi-Pelagiane gebreek, was daar kort na die reformasie maar weer die Pelagiaanse vlamme wat begin brand het. Erasmus was al in hewige stryd met Luther oor die mens se sg. vrye wil. So het weer 'n dissipel van Erasmus, Coornhert die leer van die erfsonde bestry. Hierdie twee manne was eintlik maar die oorsaak dat die Pelagiaanse vure weer hoog begin brand het.

Teen die einde van die 16de eeu is Jacobus Armenius (sy vroeëre naam was Jacob Hermans [Jacob Harmenzoon]) aangestel as gereformeerde hoogleraar in die Leidse Hogeschool. Armenius in naam gereformeerd maar eintlik 'n uitgesproke semi-Pelagiaan. Hy het dit totaal en al onaanvaarbaar gevind dat die uitverkiesing geheel en al, van begin tot einde, sonder enige voorbehoud of reserwe, uitsluitlik net die werk van God alleen is. Armenius het heeltemal nuwe lewe in die Pelagiaanse vure geblaas, soveel so dat die leer wat hy verkondig het nie meer net bekend gestaan het as Pelagianisme nie, maar het mense begin om dit Arminianisme te noem. Ander predikante wat saam met Armenius was, is Coolhaas uit Leiden en Herbertsz uit Gouda. Manne wat ons belydenisskrifte wou afbreek. Hulle was almal voorstanders van wat hulle genoem het 'n christendom bo geloofsverdeeldheid, en daarom was al belydenisskrif wat hulle op die einde eintlik wou erken die Twaalf Artikels, want was hulle ook krities teenoor die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis het hulle later heeltemal verwerp.

***

Arminius is wel in 1609 oorlede, 9 jaar voor die sinode van Dordrecht, maar sy groot volgeling Uitenbogaard (Ui[W]tenbogaert) het geremonstreer. Om te remonstreer waar dan ook hulle latere naam Remonstrante vandaan kom, is wanneer daar betoog word, 'n aktiewe demonstratiewe optrede waar mense met sterk aandrang hulle eie tipe Skrifuitleg wil

afforseer. Gomarus het al vir Arminius sterk teengestaan, maar het hierdie dwaalleer al sterker posgevat, veral nadat Uitenbogaard in 1610 'n geheime byeenkoms by Gouda gereël het, en daar het hulle hul Remonstransie opgestel. Nou was dit amptelik dat hulle dan ook nie meer as Arminiane sou bekend staan nie, maar as Remonstrante. In wese maar nog dieselfde dwaalleer waarmee Augustinus in 416 n.C. te doen sou kry.

***

Ons moet in die behandeling van die Dordtse Leerreëls vir onsself voortdurend die volgende 5 punte in gedagte hou wat die hoofsaak van hulle leer stuk vir stuk aan ons deurgee. Dit is hoe hulle geglo het en waarteen die Sinode van Dordrecht 8 jaar later in direkte stryd mee geraak het.

> Hulle het geglo- 1-dat die Here slegs die mense uitgekies het in wie die Here Self vooruit kon sien dat hulle sal glo. So is die uitverkiesing nie 'n soewereine besluit van God alleen nie maar die uitverkiesing is afhanklik van die geloof van die mens. 2. Die Remonstrante sien Christus se kruisdood in die algemeen dat Christus wel hierdeur dit vir ons moontlik gemaak het om salig te word, maar as jy as mens nie Christus en sy verdienste gaan aanvaar nie, dan kan jy nie gered word nie. 3. Die mens het 'n vrye keuse of dan nou 'n vrye wil of hy sal glo of nie sal glo nie. Dit is jou vrye keuse wat maak of jy die roeping van God sal aanvaar of nie, niks anders nie. Op hierdie punt het die Remonstrante dan ook te kenne gegee dat God se genade sal alleen diegene help wat reeds die eerste beweging gemaak het om vir God te kies. 4. So het die remonstrante dit openlik gestel dat ek as mens het die vermoë om God se genade selfstandig teë te staan. Ek het die vermoë om die wedergeboorte nie in my te laat plaasvind nie, want het hulle wou glo dat die mens kan dit weerstaan dat jy nie wedergebore word nie. En laastens (5)- glo die remonstrante dat 'n mens weer jou saligheid kan verloor as jy nie bereid is om daarin te volhard nie, m.a.w. jy as mens kan ook uit die genade van God uittree.

***

Broeder en suster, voorwaar 'n mondvol, waarmee die stryd gevoer sou word. En werklik dit sou 'n al hoe groter stryd word. November 1618 het die kerke vir die eerste keer hieroor kon vergader, nadat daar 'n bittere stryd was en sekere kerke selfs ook oorgegaan het om te doleer. Die eerste dolerendes daardie tyd was 'n klein gemeente in die dorp Koedijk. In hierdie tyd tussen 1610 en 1618 is daar met wapengeweld en gevangenisstraf teen van die dolerende kerke en hulle predikante opgetree. Kerke wat aan die belydenis wou vashou en

waarlik in alle opsigte wou bly by wat hulle geleer het omdat hulle kon aandui van wie hulle dit geleer het, vir sulke kerke was die volgende 8 jaar op geen wyse maklik nie.

Ten einde laaste, ook deur die Here so beskik, het prins Mauritz van Oranje deur politieke ingrype dit kon bewerk dat die kerke die ruimte kon kry, soos Art. 36 van die NGB ook hierdie ruimte vir die kerke bepleit en bely. Mauritz het by die State – Generaal kon aandring dat daar vir ’n slag ’'n behoorlike sinode gehou moet word om hierdie toe reeds geheel en al onverkwiklike kerkstryd in hulle eie geledere tot orde te daag. Op 13 Nov 1618 het die sinode begin. Dit sou ’n meerdere kerklike vergadering wees wat langer as 5 maande sou duur. Byna 'n halwe jaar!

Aan die einde van Mei 1619 (29 Mei 1619 om presies te wees) sou hulle eers klaar wees, waar hierdie belydenisskrif in ons hande vandag ook in hierdie 5 maande van baie werk en stryd en moeite gestalte sou kry. So ook die Dordtse Kerkorde. ’n Saggeaarde ds Johannes Bogerman word heel aan die begin as voorsitter verkies en omdat dit kerke oor heelwat lande ingesluit het, o.a. uit England, Frankryk, Switserland, De Paltz, Hessen, Oos-Friesland, Bremen en nog ander lande, het hulle besluit omdat Engelssprekende en Franssprekende broeders in een vergadering saam was, dat die taal van die Sinode ter wille van verstaanbaarheid van mekaar in Latyn gehou word. Die Remonstrante was van die begin af uitgenooi dat hulle hul saak op grond van die Woord en die belydenis sou kon stel.

Ons sal in die verdere behandeling van die belydenis wel nog hier en daar kon wys op hoe die Sinode aan die Remonstrante in elke opsig vanuit die Woord van God verantwoord wou wees. Dit gaan nie maar oor spitsvondige strydvrae tussen geleerdes nie, maar die diepste geloofsvrae waarin ons ewige heil en troos aan verbonde is, word hier vanuit die Woord van God oopgemaak. Die hartklop, die hartare van die Evangelie wat in alles God se genade aan ons bekendmaak word aangegryp.

***

Daarom moet ons in die weke wat kom nie na die Dordtse Leerreëls gaan en dink dit is maar droog en moeilik dit wat hier voor ons staan nie. Ons moet onsself in hierdie belydenis raaksien, maar wie kan na homself/haarself kyk as ek nie in totale afhanklikheid van God in die heel eerste plek God se álles oortreffende genade bely en dat alleen God my kan red nie. As ek op enige manier sou dink dat my keuse en enigiets van my kant op enige manier kon

bydra dat God vir jou en my uitverkies het, dan staan ons beslis teen wat die Dordtse Leerreëls ons leer. Die Dordtse Leerreëls het vanoggend alreeds ons absolute verdorwenheid erken. Rom.5:12 stel dit heel duidelik- *die dood het tot alle mense deurgedring.* Uit onsself het die mens geen plek (en geen reg!) om saam met God op die troon te wees nie. Die gevalle mens het geen vrye wil om die vrye welbehae van God aan bande te lê nie.

***

Daarom moet u nou reeds besef soos wat ons in hfst. 1 al dieper mag ingaan word hier aan die hand van God se Woord na ons gekom. Dit begin nie om sommer uit die staanspoor te wil sê weet jy sommige mense is uitverkies en ander nie. Née, baie versigtiger word daar begin deur daarop te wys dat alle mense sondaars is. En die vloek van die sonde rus op ons almal. En sonder dat daar nog enige woord oor die uitverkiesing van God gepraat word, word daar oor die liefde van God gepraat. Eers word daar in die paragraaf 6 direk na die uitverkiesing verwys.

Ons algehele sonde toestand en totale verdorwenheid staan wel voorop, want alle mense het in Adam gesondig en daarom is ons almal ewe skuldig. Rom.3 staan dit baie duidelik- *Die hele wêreld is voor God doemwaardig. Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God.* Ons bely- Ons as mense, dit is onsself wat ons aan die vloek en die ewige dood skuldig gemaak het. Ons moet dadelik ook besef God se reg en God se wil is nie vergelykbaar met ons reg en ons wil nie. As dit God se wil was om die hele mensdom in hulle vervloeking en sonde te los dan sou God nog steeds reg wees. God het die reg om alle mense te los waarin ons onsself ingedompel het.

Almal moet van die begin af weet dat daar niemand uitgesluit is nie. Almal het in Adam gesondig. Almal, elke mens op aarde is skuldig aan die dood. Niemand kan hom/haar bokant wat ons hier bely verhef nie. Die mens is geen slagoffer van omstandighede nie, maar die mens se eie geskiedenis en sy eie moedswilligheid maak ons skuldig. Die verbond van die Here met Adam- word ook genoem die werkverbond- dis ’n verteenwoordigende verbond. Adam is die verbondsHOOF en daarom is Hy ook ons hoof gewees. Op grond van hoe hierdie verbond werk is die bepaalde rede dat sonde nie stilgestaan het nie. Die verbond kon nooit stilstaan nie, nou nog nie, en so seker soos die verbond altyd sou deurgaan , so is dit dat sonde deurgegaan het. *Deur een mens het sonde in die wêreld gekom en so ook - deur die sonde die dood* – Calvyn wys ook hier dat ons die volgorde in Rom 5 moet raaksien. Die

sonde het voorafgegaan en daaruit het die dood gevolg. Daarom dat daar in Rom 6:23 ook staan- *Die loon van die sonde is die dood.* Om te sondig sê Calvyn is om verdorwe en boos te wees. Ons almal het met 'n natuurlike verdorwenheid besmet geraak en so is ons sondig en boos. Hierdie is 'n aangebore en oorgeërfde verdorwenheid.
Ons moet egter dit goed weet dat ons nie maar slagoffers is wat teen wil en dank sonder dat ons iets kan doen in die ellende gekom het nie. Willens en wetens het ons, ons aan die sonde onderwerp. Die NGB art. 14 wys hoe ons aan die woord van die duiwel gehoor gegee het. Die NGB Art. 17 brei daarop uit dat ons onsself in die liggaamlike en geestelike dood gestort het en so volkome rampsalig (ellendig) gemaak het.

***

As God alle mense in die ellende en vervloeking gelos het, dan sou Hy niemand enige onreg aangedoen het nie. Dat daar baie mense verlore sal gaan kan nie as enige onreg beskou word nie. Net soos wat geen mens dit as gewoon sy reg mag bestempel dat God hom/haar salig maak nie. Dat daar baie mense verlore gaan is eintlik regverdig en dit is wat die mens verdien. Ons kan uit onsself niks beter verdien as om maar verlore te gaan nie. Dit is uit **louter goedheid en sonder om hulle werke** (die mens se werke) **in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus…** dit is hoe Art. 16 NGB God se barmhartigheid bely nadat ons deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is. Dan volg die NGB Art. 16 kragtig en duidelik- **God is regverdig deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het.**

Watter vreugde moet dit vir ons wees om volgende keer paragraaf 2 Dordtse Leerreëls so direk na paragraaf 1 te bely. Paragraaf 2 wat ons ook sou kon noem die NOGTANS op paragraaf 1. Die feit dat die Here die mens nie oorgegee het aan die ewige verderf nie. Die feit dat die Here nog steeds Sy liefde aan die mens wou openbaar. Onpeilbaar hierdie genade van God. Ondeurgrondelik is sy liefde. Hier in paragraaf 1 en 2 sal ons vandag mee kan afsluit deur te praat van die diepte van die liefde van God maar ook die vryheid van die keuse van God. Ons kan eintlik net verslae hierna bly kyk, waarlik waar God is aan niemand iets verskuldig nie, en tog is dit God wat na die mens kom, daar waar die mens in die tuin van die Here wou wegkruip, is dit God wat na die mens roep, is dit God wat vir die mens vra- *Waar is jy?* Hierdie vraag- WAAR IS JY? … is die eerste woorde in die Bybel wat al van verlossing spreek! Ons moet volgende keer onsself in die openbaring van die liefde van God

tegelyk hierdie vraag van God onsself so voorstel – as God vir Adam vra- *Waar is jy*- hierdie opsoekende vraag is onpelbaar diep, maar is onteenseglik God wat die vryheid het om te wil opsoek. Niemand sou God kon verplig om Adam en Eva uit hulle wegkruipplek te haal nie. Niemand nie! AMEN